LAERSKOOL KOLLEGEPARK

BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 3 – 2024

16 Julie 2024

Geagte Ouers/Voogde

Daar wag ‘n besige kwartaal op ons, maar ons sien uit na al die opwinding wat vir ons wag.

Die rugby- en netbalspanne het gemengde welslae in die onderskeie ligas en by Super 12 behaal. Baie geluk aan die o.10A rugby- en netbalspanne wat as wenners van die Super 12 gekroon is. Die o.10A- en o.13A-netbalspanne het hulle onderskeie ligas gewen en die o.13A- en o.12A-netbalspanne het Saterdag, 8 Junie aan die Gauteng Kampioenskappe deelgeneem. Baie geluk aan Kayla Lamprecht wat deel is van die Gauteng o.13-netbalspan. Hartlike geluk aan Lesego Maloisane, Bernard Bezuidenhout, Reghard Mc Geer en Junior Motoedi wat in onderskeie Valke Rugbyspanne opgeneem is. Ons is baie trots op elkeen se pragtige prestasie.

Baie dankie aan al die leerders, onderwysers en die ouers vir die mooi gesindheid waarmee ons leerders kon gaan toer en ook ‘n woord van dank aan die krieketspelers wat aan die Super 12 deelgeneem het tydens die skoolvakansie.

Die derde kwartaal is propvol aktiwiteite en ‘n formele toetsreeks en ten einde dit vir u makliker te maak om u eie beplanning te doen, gee ons ‘n paar belangrike datums aan u deur.

Sportaangeleenthede tot en met 31 Julie:

- 16 Julie tot 19 Julie: Vryheidsmonument Krieket Aandreeks
- 19 Julie: Landloop
- 19 Julie: Pom-pom kompetisie
- 19 – 20 Julie: Super 12 Hokkie
- 20 Julie: Fonteine Mini-hokkie toernooi
- 22 Julie: Hokkie o.11 vs Fonteine
- 25 Julie: Hokkie 1ste span vs Fonteine
- 26 Julie: Landloop te Laerskool Kollegepark
- 27 Julie: o.11-Krieket te Handhawer
- 29 Julie: Hokkie o.11 vs DF Malherbe
- 30 Julie: o. 13A- en B-Krieket vs Vryheidsmonument

Kultuuraangeleenthede tot en met 31 Augustus:

- 22 Julie: Vaaldriehoek Kunstefees begin.

Ander:

- 18 Julie: HOP-AAND
- 19 Julie: “Funky dag”
- 25 Julie: Graad 5 Uitstappie
- 30 Julie: Grondslagfase: Sonja en Tjokker: Gr. RR-3

Toetsrooster:

- Daar vind nie ‘n formele toets plaas in Afrikaans en Engels gedurende die derde kwartaal nie. Leerders begin op 29 Julie aan hul projekte werk.
- 30 Julie: SW (Geskiedenis) graad 4 - 7
- 01 Augustus: PSW graad 4 – 7
- 05 Augustus: Grondslagfase: Deurlopende Assessering begin.
- 06 Augustus: Wiskunde graad 4 – 7
- 08 Augustus: EBW graad 7
- 13 Augustus: SW (Geografie) graad 4 – 7
- 15 Augustus: Tegnologie graad 7
- 20 Augustus: NW graad 4 – 7
- 29 Augustus: Grondslagfase: Deurlopende Assessering eindig.

Ons bied ‘n REVUE aan op 9, 10 16, 17 en 18 September. Verdere inligting sal aan u deurgegee word. Ons gee net solank hierdie datums deur dat u dit kan aanteken. Laerskool Kollegepark se REVUE is altyd ‘n geleentheid uit die boonste rakke en ‘n geleentheid wat elke kind moet aangryp.

Baie dankie aan al die ouers wat reeds **skoolfondsverpligtinge** nagekom het. Graag herinner ons u aan die intreeskoolfonds van R400 per leerder wat reeds betaal moes wees en doen ons ‘n vriendelike, dog ernstige beroep op ouers om wel skoolfonds betyds te betaal.

Groete

Mnr. C.F. Herbst